BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Woensdag 19 Julie 1978 — WINDHOEK — Wednesday 19 July 1978 — No. 3792

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek.

No. 172] 19 Julie 1978

ORDONNANSIE, 1978: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

No. 10 van 1978 Ordonnansie op Brandweerdienste, 1978

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

J. F. GREEBE
*Acting Secretary for South West Africa*

Administration of South West Africa
Windhoek.

No. 172] 19 July 1978

ORDINANCE, 1978: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. 10 of 1978 Fire Brigade Services Ordinance, 1978

**No. 10 van 1978** ORDONNANSIE OP BRANDWEERDIENSTE, 1978

*(Goedgekeur 26 Junie 1978)*
*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)*
*(Datum van inwerkingtreding 19 Julie 1978*

# ORDONNANSIE

**Om voorsiening te maak vir die instelling en instandhouding deur plaaslike besture van brandweerdienste, en vir bykomstige aangeleenthede.**

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Administrateur-generaal dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkry en deur die Voorsitter van die Vergadering aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:—

Woordomskrywing.

1. In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(i) "brandweerdiens" 'n brandweerdiens in artikel 2 beoog; (iv)

(ii) "brandweerhoof" die persoon in artikel 3 beoog; (i)

(iii) "hierdie Ordonnansie" ook enige regulasie daarkragtens uitgevaardig; (vii)

(iv) "materiaal" ook water; (vi)

(v) "noodgeval" enige situasie wat onmiddellike optrede vereis om dood of besering van persone of skade aan eiendom te voorkom, maar nie 'n verklaarde noodtoestand ingevolge enige wet nie; (ii)

(vi) "plaaslike bestuur" 'n munisipaliteit wat gestig of ingestel is, of geag word gestig of ingestel te wees kragtens die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), of 'n dorpsbestuur wat ingestel is of geag word ingestel te wees kragtens die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963), of ten opsigte van enige een of meer buitestedelike gebiede soos beoog in artikel 9 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel kragtens laasgenoemde ordonnansie; (v)

(vii) "Uitvoerende Komitee" die Uitvoerende Komitee saamgestel ingevolge artikel 4 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968). (iii)

FIRE BRIGADE SERVICES ORDINANCE, 1978 **No. 10 of 1978**

*(Assented to 26 June 1978)*
*(English text signed by the Administrator-General)*
*(Date of commencement 19 July 1978)*

# ORDINANCE

To provide for the establishment and maintenance by local authorities of fire brigade services, and for matters incidental thereto.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Administrator-General in so far as such consent is necessary previously obtained and communicated to the Assembly by the Chairman of the Assembly, as follows:—

Definitions.

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates —

(i) "chief fire officer" means the person contemplated in section 3; (ii)

(ii) "emergency" means any situation requiring immediate action to prevent death of or injury to persons or damage to property, but not a declared state of emergency in terms of any law; (v)

(iii) "Executive Committee" means the Executive Committee constituted under section 4 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968); (vii)

(iv) "fire brigade service" means a fire brigade service contemplated in section 2; (i)

(v) "local authority" means a municipality established or constituted, or deemed to have been established or constituted under the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), or a village management board constituted or deemed to have been constituted under the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), or in respect of any one or more peri-urban areas as contemplated in section 9 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), the Peri-Urban Development Board established under the last-mentioned Ordinance; (vi)

(vi) "material" includes water; (iv)

(vii) "this Ordinance" includes any regulation promulgated under it. (iii)

**No. 10 van 1978** ORDONNANSIE OP BRANDWEERDIENSTE, 1978

Instelling, instandhouding en subsidiëring van 'n brandweerdiens.

2. (1) Enige plaaslike bestuur kan 'n brandweerdiens instel en in stand hou.

(2) Die Uitvoerende Komitee kan enige plaaslike bestuur gelas —

(a) om 'n brandweerdiens wat dit ingestel het, in stand te hou; of

(b) om 'n brandweerdiens in te stel, en dit in stand te hou,

ooreenkomstig die standaarde en vereistes wat die Uitvoerende Komitee, hetsy ten opsigte van een of meer sodanige brandweerdienste of ten opsigte van al sodanige brandweerdienste, van tyd tot tyd by besluit oplê.

(3) 'n Brandweerdiens beoog in subartikel (2) word, behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie, deur die Uitvoerende Komitee gesubsidieer uit fondse deur die Wetgewende Vergadering vir die doel bewillig.

Aanstelling van brandweerhoof.

3. (1) 'n Plaaslike bestuur wat 'n brandweerdiens ingevolge artikel 2(2) in stand hou, moet 'n brandweerhoof aanstel om aan die hoof van sodanige brandweerdiens te staan.

(2) Wanneer 'n brandweerhoof afwesig is of nie in staat is om ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie sy bevoegdhede uit te oefen of sy werksaamhede of pligte te verrig nie, oefen die mees senior lid van die brandweerdiens teenwoordig by enige geleentheid waarby gemelde brandweerdiens optree, sodanige bevoegdhede uit of verrig hy sodanige werksaamhede of pligte.

Die lede van 'n brandweerdiens.

4. Die lede van 'n brandweerdiens bestaan, behoudens die bepalings van artikel 3, uit —

(a) persone in die voltydse diens van die betrokke plaaslike bestuur;

(b) persone in die deeltydse diens van die betrokke plaaslike bestuur;

(c) deeltydse onbetaalde vrywilligers wat hulleself óf op 'n permanente grondslag óf slegs vir 'n bepaalde brand of noodgeval vir diens aanmeld;

(d) enige kombinasie van persone genoem in paragrawe (a), (b) en (c).

Opleidingsinrigtings.

5. (1) Die Uitvoerende Komitee kan by kennisgewing in die *Offisiële Koerant*, en na raadpleging van die betrokke plaaslike bestuur, 'n brandweerdiens bedoel in artikel 2(2) tot 'n goedgekeurde opleidingsinrigting vir basiese of gevorderde opleiding van lede van die brandweerdienste in die Gebied Suidwes-Afrika verklaar.

(2) Die Uitvoerende Komitee kan van tyd tot tyd, na raadpleging met die betrokke plaaslike bestuur, die stappe

Establishment, maintenance and subsidisation of a fire brigade service.

2. (1) Any local authority may establish and maintain a fire brigade service.

(2) The Executive Committee may direct any local authority —

(a) to maintain a fire brigade service that it has established; or

(b) to establish, and to maintain a fire brigade service,

in accordance with the standards and requirements that the Executive Committee may, either in respect of any one or more such fire brigade services or in respect of all such fire brigade services, impose from time to time by resolution.

(3) A fire brigade service contemplated in subsection (2) shall be subsidised, subject to the provisions of this Ordinance, by the Executive Committee from funds voted for the purpose by the Legislative Assembly.

Appointment of chief fire officer.

3. (1) A local authority maintaining a fire brigade service in terms of section 2(2) shall appoint a chief fire officer to be in charge of such fire brigade service.

(2) When a chief fire officer is absent or unable to exercise his powers or to perform his functions or duties in terms of the provisions of this Ordinance, the most senior member of the fire brigade service present on any occasion during which such fire brigade service may be in action, shall exercise such powers or perform such functions or duties.

Members of a fire brigade service.

4. The members of a fire brigade service shall, subject to the provisions of section 3, consist of —

(a) persons in the full-time employment of the local authority concerned;

(b) persons in the part-time employment of the local authority concerned;

(c) part-time unpaid volunteers who offer their services either on a permanent basis or for a particular fire or emergency only;

(d) any combination of persons referred to in paragraphs (a), (b) or (c).

Training institutions.

5. (1) The Executive Committee may, by notice in the *Official Gazette,* and after consultation with the local authority concerned, declare a fire brigade service contemplated in section 2(2) to be an approved training institution for basic or advanced training for members of the fire brigade services in the Territory of South West Africa.

(2) The Executive Committee may from time to time, after consultation with the local authority concerned, take

doen wat hy nodig of wenslik ag om die behoorlike beheer, bestuur en ontwikkeling van, en die uitbreiding van die opleidingsfasiliteite beskikbaar by 'n inrigting in subartikel (1) genoem, te verseker.

(3) Wanneer 'n plaaslike bestuur 'n lid van 'n brandweerdiens aanwys om opleiding by 'n opleidingsinrigting bedoel in subartikel (1) te ondergaan, betaal sodanige plaaslike bestuur die koste van sodanige opleiding ooreenkomstig 'n tarief deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur.

Aanwending van brandweerdiens.

6. 'n Plaaslike bestuur kan sy brandweerdiens binne of buite sy regsgebied aanwend vir —

(a) die voorkoming, bestryding of blus van brande;

(b) die behoud van lewe of eiendom in die geval van 'n brand of enige ander noodgeval wat 'n ernstige gevaar vir lewe of eiendom inhou of kan inhou; en

(c) die ander werksaamhede en pligte waarop sodanige plaaslike bestuur mag besluit.

Bevoegdhede, werksaamhede en pligte van lede van 'n brandweerdiens.

7. (1) Wanneer 'n brandweerdiens aangewend word vir die doeleindes in artikel 6(a) of (b) beoog, kan die brandweerhoof van sodanige brandweerdiens, en enige lid daarvan, handelende op gesag van bedoelde brandweerhoof, enigiets doen en enige maatreël tref wat na die oordeel van sodanige brandweerhoof of sodanige lid noodsaaklik of wenslik is in die omstandighede.

(2) Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die bepalings van subartikel (1), kan die brandweerhoof van 'n brandweerdiens en enige lid daarvan, handelende op gesag van bedoelde brandweerhoof, by die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy werksaamhede of pligte ingevolge genoemde subartikel (1) —

(a) enige straat tydelik sluit;

(b) enige perseel binnegaan, of oopbreek en binnegaan, en tydelik besit daarvan neem;

(c) enige eiendom beskadig, vernietig, sloop of verwyder;

(d) met geweld enige persoon —

(i) van enige eiendom af verwyder of laat verwyder; of

(ii) van die toneel waar die brandweerdiens bedrywig is, verwyder of laat verwyder indien sodanige persoon hom met die werk van die brandweerdiens aldaar bemoei, of 'n obstruksie of 'n hindernis is;

(e) beslag lê op, of gebruik maak van enige materiaal van enige beskikbare bron, hetsy sodanige materiaal

such steps as it may deem necessary or expedient to ensure the proper control, management and development of, and the extension of the training facilities available at an institution referred to in subsection (1).

(3) When a local authority designates a member of a fire brigade service to undergo training at a training institution referred to in subsection (1), such local authority shall pay the cost of such training according to a tariff approved by the Executive Committee.

Employment of fire brigade service.

6. A local authority may employ its fire brigade service inside or outside its area of jurisdiction for —

(a) preventing, fighting or extinguishing fires;

(b) the preservation of life or property in the event of a fire or any other emergency that constitutes or may constitute a serious danger to life or property; and

(c) the other functions and duties such local authority may determine.

Powers, functions and duties of members of a fire brigade service.

7. (1) When a fire brigade service is employed for the purposes contemplated in section 6(a) or (b), the chief fire officer of such fire brigade service, and any member thereof acting on authority of the said chief fire officer, may do anything, and take any measure which is in the opinion of such chief fire officer or member necessary or expedient under the circumstances.

(2) Without derogating from the generality of the provisions of subsection (1), the chief fire officer of a fire brigade service, and any member thereof, acting on authority of the said chief fire officer, may, in the exercise of his powers or the performance of his functions or duties in terms of the said subsection (1) —

(a) close any street temporarily;

(b) enter, or break into and enter, any premises, and take temporary possession thereof;

(c) damage, destroy, demolish or remove any property;

(d) forcibly remove, or cause to be removed, any person —

(i) from any property; or

(ii) from the scene where the fire brigade service is operating, if such person interferes with the work of the fire brigade service at that place, or is an obstruction or a hindrance;

(e) seize, or make use of, any material from any available source, whether such material is owned by

die eiendom of onder die beheer of bestuur van die betrokke plaaslike bestuur is al dan nie: Met dien verstande dat indien sodanige materiaal nie die eiendom of onder die beheer of bestuur van sodanige plaaslike bestuur is nie en ook nie die eiendom van die eienaar of huurder van die perseel waarop die brandweerdiens aangewend word nie, sodanige plaaslike bestuur daarna die eienaar van sodanige materiaal moet vergoed tot 'n bedrag soos deur sodanige plaaslike bestuur en sodanige eienaar ooreengekom, of, by ontstentenis van sodanige ooreenkoms, soos ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet 42 van 1965) deur 'n arbiter bepaal, asof daar 'n skriftelike arbitrasieooreenkoms tussen die partye bestaan.

(3) Vir die doeleindes in artikel 6(a) of (b) genoem kan 'n brandweerhoof —

(a) enige eiendom tydelik in besit neem en beheer daaroor uitoefen;

(b) by die onttrekking van 'n brandweerdiens aan enige eiendom, die stappe doen met betrekking tot sodanige onttrekking en sodanige eiendom wat hy in die omstandighede noodsaaklik of wenslik ag.

(4) Enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisie moet enige brandweerhoof of enige lid van 'n brandweerdiens by die uitvoering van sy werksaamhede ingevolge hierdie Ordonnansie bystaan indien daartoe versoek deur sodanige brandweerhoof of lid, en vir daardie doel het 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, bo en behalwe die ander bevoegdhede hom by wet verleen, dieselfde bevoegdhede as 'n lid van 'n brandweerdiens.

Bevoegdheid van brandweerhoof om oor roerende eiendom te beskik.

8. (1) In die geval van 'n brand of enige ander noodgeval wat, na die oordeel van die brandweerhoof, 'n ernstige gevaar vir roerende eiendom inhou of kan inhou, kan die brandweerhoof enige sodanige eiendom berg, of verwyder en in veilige bewaring hou.

(2) Alle koste wat aangegaan is ingevolge subartikel (1) is verhaalbaar van die eienaar van die betrokke roerende eiendom, en die plaaslike bestuur het 'n retensiereg op sodanige eiendom totdat gemelde koste betaal is.

(3) Indien die koste in subartikel (2) bedoel nie ten volle betaal is nie binne 30 dae nadat —

(a) 'n skriftelike eis aan die eienaar van die betrokke roerende eiendom afgelewer is; of,

(b) indien bedoelde eienaar nie opgespoor kan word nie, kennisgewing van voorneme om die betrokke roerende eiendom per openbare veiling te verkoop om koste te verhaal, gegee is by wyse van gelyktydige publikasie van bedoelde kennisgewing in die *Offisiële Koerant* en in een Afrikaanse en een

or under the control or management of the local authority concerned or not: Provided that if such material is not owned by or under the control or management of such local authority and is not the property of the proprietor or lessee of the premises on which the fire brigade service is employed, such local authority shall subsequently compensate the owner of such material in an amount as may be agreed upon between such local authority and such owner, or, in the absence of such agreement, as determined by an arbitrator in terms of the provisions of the Arbitration Act, 1965 (Act 42 of 1965), as though there were a written arbitration agreement between the parties.

(3) For the purposes referred to in section 6(a) or (b), a chief fire officer may —

(a) temporarily take possession of and exercise control over any property;

(b) at the withdrawal of a fire brigade service from any property, take the steps he may consider necessary or expedient under the circumstances with regard to such withdrawal and such property.

(4) Any member of the South African Police shall assist any chief fire officer or any member of a fire brigade service in the execution of his duties, if requested to do so by such chief fire officer or member, and for that purpose a member of the South African Police shall have, in addition to the other powers conferred on him by law, the same powers as a member of a fire brigade service.

Power of chief fire officer to salvage movable property.

8. (1) In the event of a fire or any other emergency which, in the opinion of the chief fire officer, constitutes or may constitute a serious danger to movable property, the chief fire officer may salvage such property, or remove and keep it in safe custody.

(2) All expenses incurred in terms of subsection (1) shall be recoverable from the owner of the movable property concerned, and the local authority shall have a lien on such property until the said expenses have been paid.

(3) If the expenses referred to in subsection (2) have not been fully paid within 30 days of —

(a) delivery to the owner of the movable property concerned of a written demand; or,

(b) if the said owner cannot be traced, notice having been given by means of simultaneous publication in the *Official Gazette* and in one English and one Afrikaans newspaper circulating in the local authority area concerned, of intention to sell the

Engelse nuusblad in omloop in die betrokke plaaslike bestuursgebied,

kan die plaaslike bestuur sodanige eiendom per openbare veiling verkoop, en die opbrengs van sodanige veiling word ter bestryding van die koste, insluitende die koste van die veiling, aangewend.

(4) Die balans van die opbrengs in subartikel (3) bedoel, word, nadat alle koste ten volle vereffen is, aan die voormalige eienaar van die betrokke roerende eiendom betaal: Met dien verstande dat indien sodanige voormalige eienaar nie opgespoor kan word nie en nie binne 'n jaar na afloop van die veiling bedoel in subartikel (3) sodanige balans eis nie, dit aan die plaaslike bestuur verbeur word.

Bevoegdheid van plaaslike bestuur om gelde of heffings op te lê.

9. (1) 'n Plaaslike bestuur wat oor 'n brandweerdiens beskik kan, behoudens die bepalings van subartikel (2), gelde of heffings by regulasie voorskryf met betrekking tot die dienste deur sodanige brandweerdiens gelewer, met insluiting van —

(a) indien sodanige brandweerdiens ingevolge artikel 5(1) tot 'n goedgekeurde opleidingsinrigting verklaar is, behoudens die bepalings van artikel 5(3), bywoning van brandweeropleidingskursusse deur die lede van ander brandweerdienste;

(b) gebruik van brandweerdiens en -toerusting;

(c) gebruik van materiaal wat die eiendom of onder die beheer of bestuur van sodanige plaaslike bestuur is.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat beskik oor 'n brandweerdiens soos beoog in artikel 2(2), en sodanige brandweerdiens aanwend vir 'n doel soos beoog in artikel 6(a) of (b) ten opsigte van eiendom geleë binne sy eie regsgebied, lê geen gelde of heffings met betrekking tot sodanige aanwending op nie.

(3) Die gelde of heffings in subartikel (1) bedoel word deur die brandweerhoof van die betrokke brandweerdiens aangeslaan en deur die stadstesourier van sodanige plaaslike bestuur ingevorder: Met dien verstande dat 'n persoon ten opsigte van wie 'n sodanige aanslag gemaak is en wat homself daardeur veronreg voel, die reg het om hom op die Uitvoerende Komitee te beroep vir heroorweging van die aanslag as sodanig of die bedrag daarvan.

Sertifikaat van brandweerhoof met betrekking tot sekere koste en aanslae.

10. 'n Staat van die koste ingevolge artikel 8(2) verhaalbaar, en 'n aanslag in artikel 9(3) beoog, word deur die betrokke brandweerhoof as korrek gesertifiseer, en sodanige sertifikaat is *prima facie* bewys van die korrektheid van sodanige staat of aanslag.

Betaling van subsidie.

11. (1) Vir die doel van die subsidie bedoel in artikel 2(3) moet 'n plaaslike bestuur jaarliks aan die Uitvoerende Komitee in die vorm en op die wyse en tyd deur die Uitvoerende Komitee bepaal 'n begroting van verwagte in-

movable property concerned by public auction to recover costs,

the local authority may sell such property by public auction, and the proceeds of such auction shall be employed to defray the expenses, including the cost of the auction.

(4) The balance of the proceeds referred to in subsection (3) shall be paid to the former owner of the movable property concerned after all expenses have been fully paid: Provided that if such former owner cannot be traced and does not, within one year after the conclusion of the auction referred to in subsection (3), claim such balance, it shall be forfeited to the local authority.

Power of local authority to impose fees or charges.

9. (1) A local authority having a fire brigade service may, subject to the provisions of subsection (2), prescribe by regulation fees or charges in respect of the services rendered by such fire brigade service, including —

(a) if such fire brigade service has been declared an approved training institution in terms of section 5(1), subject to the provisions of section 5(3), attendance by members of other fire brigade services of fire brigade training courses;

(b) use of fire brigade service and equipment;

(c) use of material that is the property or under the control or management of such local authority.

(2) A local authority having a fire brigade service as contemplated in section 2(2), and which employes such fire brigade service for a purpose contemplated in section 6(a) or (b), in regard to property situated within its own area of jurisdiction, shall impose no fees or charges in respect of such employment.

(3) The fees or charges referred to in subsection (1) shall be assessed by the chief fire officer of the fire brigade service concerned and collected by the town treasurer of such local authority: Provided that a person in respect of whom such assessment has been made and who feels aggrieved thereby, shall have the right to appeal to the Executive Committee to reconsider the assessment as such or the amount thereof.

Certificate of chief fire officer in respect of certain expenses and assessments.

10. A statement of the expenses recoverable in terms of section 8(2), and an assessment contemplated in section 9(3), shall be certified as correct by the chief fire officer concerned, and such certificate shall be *prima facie* evidence of the correctness of such statement or assessment.

Payment of subsidy.

11. (1) For the purpose of the subsidy referred to in section 2(3) a local authority shall annually submit to the Executive Committee for its approval, in the form and manner and at the time determined by the Executive Committee, an

komste en uitgawe ten opsigte van die brandweerdiens van sodanige plaaslike bestuur voorlê vir goedkeuring.

(2) Indien 'n plaaslike bestuur weier of versuim om 'n begroting van inkomste en uitgawe soos in subartikel (1) beoog ten opsigte van enige boekjaar vir sy goedkeuring aan die Uitvoerende Komitee voor te lê, is geen subsidie vir daardie boekjaar aan sodanige plaaslike bestuur ingevolge artikel 2(3) betaalbaar nie.

(3) 'n Plaaslike bestuur kan te eniger tyd, met die vooraf verkreë instemming van die Uitvoerende Komitee, 'n goedgekeurde begroting van verwagte inkomste en uitgawe in subartikel (1) beoog, wysig.

(4) Werklike uitgawe wat in enige boekjaar die verwagte uitgawe soos aangedui in die begroting wat vir sodanige boekjaar ingevolge subartikel (1) goedgekeur of ingevolge subartikel (3) gewysig is, oorskry, word in die mate dat dit die genoemde verwagte uitgawe aldus oorskry, buite rekening gelaat by die bepaling van die bedrag van die subsidie bedoel in artikel 2(3).

(5) Indien 'n brandweerdiens van 'n plaaslike bestuur met 'n ambulansdiens van sodanige plaaslike bestuur gekombineer is, word alle inkomste en uitgawe deur sodanige plaaslike bestuur verkry of aangegaan ten opsigte van sy ambulansdiens, uitgenome uitgawes aangegaan vir die betaling van salarisse aan lede van sy brandweerdiens wat ook lede van sy ambulansdiens is, vir die doel van 'n subsidie beoog in artikel 2(3), buite rekening gelaat.

(6) 'n Plaaslike bestuur wat beskik oor 'n brandweerdiens soos in artikel 2(2) beoog, moet jaarliks aan die Uitvoerende Komitee op 'n datum nie later as 15 maande na die datum in subartikel (1) beoog, of op sodanige latere datum deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur, 'n skriftelike opgawe voorlê wat deur die tesourier van sodanige plaaslike bestuur as korrek gesertifiseer is en waarin die inkomste en uitgawe werklik verkry of aangegaan deur sodanige plaaslike bestuur ten opsigte van 'n brandweerdiens van sodanige plaaslike bestuur gedurende die onmiddellik voorafgaande boekjaar aangedui word, en sodanige opgawe dui verder enige ander besonderhede aan wat die Uitvoerende Komitee mag verlang.

(7) Die Uitvoerende Komitee klassifiseer na goeddunke enige brandweerdiens in artikel 2(2) beoog as 'n voltydse of 'n deeltydse brandweerdiens, en hy kan te eniger tyd enige sodanige klassifikasie wysig.

(8) Behoudens die bepalings van hierdie artikel en artikel 12, betaal die Uitvoerende Komitee jaarliks aan 'n plaaslike bestuur 'n subsidie gelyk aan —

(a) 50 persent, in die geval van 'n brandweerdiens wat ingevolge subartikel (7) as 'n voltydse brandweerdiens geklassifiseer is; of

estimate of expected income and expenditure in regard to the fire brigade service of such local authority.

(2) If a local authority refuses or neglects to submit an estimate of income and expenditure as contemplated in subsection (1) in respect of any financial year to the Executive Committee for its approval, no subsidy for that financial year shall be payable to such local authority in terms of section 2(3).

(3) A local authority may at any time, with the consent of the Executive Committee having been obtained in advance, amend an approved estimate of expected income and expenditure contemplated in subsection (1).

(4) Actual expenditure that in any financial year exceeds the expected expenditure indicated in the estimate which was approved for such financial year in terms of subsection (1), or amended in terms of subsection (3), shall, to the extent to which it so exceeds the said expected expenditure, not be taken into account in determining the amount of the subsidy referred to in subsection (1).

(5) If a fire brigade service of a local authority is combined with an ambulance service of such local authority, all income accrueing to, and all expenditure incurred by such local authority in regard to its ambulance service, with the exception of expenditure incurred for the payment of salaries to members of its fire brigade service who are also members of its ambulance service, shall not be taken into account for the purpose of a subsidy contemplated in section 2(3).

(6) A local authority having a fire brigade service as contemplated in section 2(2) shall annually submit to the Executive Committee on a date not later than 15 months after the date contemplated in subsection (1), or on such later date approved by the Executive Committee, a written return certified as correct by the treasurer of such local authority, and reflecting the income actually accrued to, and the expenditure actually incurred by, such local authority in regard to a fire brigade service of such local authority during the immediately preceding financial year, and such return shall also reflect any other information that the Executive Committee may require.

(7) The Executive Committee shall, in its discretion, classify any fire brigade service contemplated in section 2(2) as either a full-time or a part-time fire brigade service, and it may at any time vary such classification.

(8) Subject to the provisions of this section and section 12, the Executive Committee shall annually pay to a local authority a subsidy equal to —

(a) 50 per cent, in the case of a fire brigade service classified in terms of subsection (7) as a full-time fire brigade service; or

(b) 75 persent, in die geval van 'n brandweerdiens wat ingevolge subartikel (7) as 'n deeltydse brandweerdiens geklassifiseer is,

van die verskil tussen die werklike uitgawe en die werklike inkomste in subartikel (6) bedoel: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee by ontvangs van die jaarlikse ouditverslag ten opsigte van daardie plaaslike bestuur 'n regstelling kan doen deur enige oorbetaling terug te vorder of enige tekort aan te suiwer.

Vermindering van bedrag van subsidie en terughouding van betaling daarvan.

12. Indien 'n plaaslike bestuur wat beskik oor 'n brandweerdiens soos beoog in artikel 2(2), weier of versuim om sodanige brandweerdiens ooreenkomstig die standaarde en vereistes deur die Uitvoerende Komitee ingevolge genoemde artikel 2(2) gestel, in stand te hou, kan die Uitvoerende Komitee —

(a) die subsidie betaalbaar aan sodanige plaaslike bestuur na goeddunke verminder; of

(b) betaling van die subsidie aan sodanige plaaslike bestuur betaalbaar, terughou totdat aan sodanige standaarde en vereistes voldoen word.

Betaling van voorskotte op subsidie.

13. Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ordonnansie kan die Uitvoerende Komitee na goeddunke en op die voorwaardes wat hy bepaal voorskotte op 'n subsidie in artikel 2(3) bedoel aan 'n plaaslike bestuur betaal.

Ooreenkomste ten opsigte van die beskikbaarstelling of die aanwending van brandweerdienste of materiaal.

14. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel en artikel 9, kan 'n plaaslike bestuur 'n skriftelike ooreenkoms met enige persoon, insluitende 'n ander plaaslike bestuur of die Staat, aangaan waarvolgens —

(a) die brandweerdiens van sodanige plaaslike bestuur of enige materiaal wat die eiendom of onder die beheer of bestuur van sodanige plaaslike bestuur is, aan sodanige persoon beskikbaar gestel word, of ten bate van sodanige persoon aangewend word; of

(b) enige soortgelyke brandweerdiens deur sodanige persoon in stand gehou, of enige materiaal wat die eiendom of onder die beheer of bestuur van sodanige persoon is, aan sodanige plaaslike bestuur beskikbaar gestel word, of ten bate van sodanige plaaslike bestuur aangewend word,

hetsy gratis of teen betaling, vir die doeltreffende uitvoering van 'n aangeleentheid in artikel 6 beoog.

(2) Wanneer 'n brandweerdiens beskikbaar gestel of aangewend word soos in subartikel (1) beoog, word sodanige brandweerdiens, indien dit 'n plaaslike bestuur is aan of ten bate van wie sodanige brandweerdiens beskikbaar gestel of aangewend word en sodanige plaaslike bestuur hou 'n soortgelyke brandweerdiens in stand, geag 'n geïntegreerde deel te wees van sodanige soortgelyke brandweerdiens en staan dit onder bevel van die brandweerhoof daarvan.

(b) 75 per cent, in the case of a fire brigade service classified in terms of subsection (7) as a part-time fire brigade service,

of the difference between the actual expenditure and the actual income referred to in subsection (6): Provided that the Executive Committee may on receipt of the annual audit report in respect of that local authority effect an adjustment by reclaiming any overpayment or making good any deficit.

Reduction of amount of subsidy and withholding of payment thereof.

12. If a local authority having a fire brigade service as contemplated in section 2(2), refuses or neglects to maintain such fire brigade service in accordance with the standards and requirements imposed by the Executive Committee in terms of the said section 2(2), the Executive Committee may —

(a) reduce in its discretion the subsidy payable to such local authority; or

(b) withhold payment of the subsidy payable to such local authority until such standards and requirements have been complied with.

Payment of advances on subsidy.

13. Notwithstanding anything to the contrary contained in this Ordinance the Executive Committee may in its discretion and on the conditions it may determine pay advances to a local authority on a subsidy referred to in section 2(3).

Agreements in regard to the making available or the employment of fire brigade services or material.

14. (1) Subject to the provisions of this section and section 9, a local authority may enter into a written agreement with any person, including another local authority or the State, in terms whereof —

(a) the fire brigade service of such local authority or any material owned by or under the control or management of such local authority is made available to or employed for the benefit of such person; or

(b) any similar fire brigade service maintained by such person, or any material owned by or under the control of such person, is made available to or employed for the benefit of such local authority,

either free of charge or against payment, for the efficient carrying out of a matter contemplated in section 6.

(2) When a fire brigade service is made available or is employed as contemplated in subsection (1), such fire brigade service shall, if it is a local authority to which it is made available or for the benefit of which it is employed and such local authority maintains a similar fire brigade service, be deemed to be an integrated part of such similar fire brigade service and under the command of its chief fire officer.

Kombinasie van brandweerdienste.

15. (1) Twee of meer plaaslike besture kan 'n skriftelike ooreenkoms aangaan indien hulle oortuig is dat dit wenslik is dat hulle onderskeie brandweerdienste vir die doeleindes in artikel 6 genoem, gekombineer behoort te word.

(2) Die Uitvoerende Komitee kan, na oorlegpleging met die betrokke plaaslike besture, twee of meer plaaslike besture by wyse van skriftelike kennisgewing gelas om 'n ooreenkoms soos in subartikel (1) beoog, aan te gaan.

(3) 'n Ooreenkoms in subartikel (1) beoog, kan, vir sover dit noodsaaklik of wenslik mag wees, onder meer voorsiening maak vir —

(a) die datum waarop dit van krag word en die tydperk waarvoor dit van krag bly;

(b) die uitoefening of vervulling, hetsy gesamentlik of deur enige van die partye by die ooreenkoms, van enige bevoegdheid, werksaamheid of plig met betrekking tot enige saak wat binne 'n brandweerdiens se bevoegdhede, werksaamhede en pligte ingevolge hierdie Ordonnansie val, en die delegasie deur die partye van enige of al sodanige bevoegdhede, werksaamhede of pligte aan een van hulle of aan 'n gesamentlike komitee vir die doel deur hulle ingestel;

(c) die bestuur en beheer van enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Ordonnansie of enige ander wet binne die bevoegdheid van 'n plaaslike bestuur val;

(d) die finansiële bydrae, materiaal, grond, geboue, of ander eiendom, of toerusting wat deur elk van die partye by die ooreenkoms voorsien moet word;

(e) die verdeling tussen die partye by die ooreenkoms van die inkomste en uitgawe van die gekombineerde brandweerdiens of die instelling deur sodanige partye van 'n gekombineerde brandweerdiensfonds, die inbetaling in daardie fonds van alle inkomste, insluitende die bydraes deur die partye tot die ooreenkoms, en uitbetalings uit daardie fonds;

(f) die aanbeveling van regulasies wat deur die partye by die ooreenkoms gemaak moet word met betrekking tot enige saak wat ingevolge hierdie Ordonnansie binne die bevoegdhede van 'n plaaslike bestuur val;

(g) die bedinge en voorwaardes waarop of omstandighede waarin enige van die partye by die ooreenkoms hulle daarvan kan onttrek, of 'n ander plaaslike bestuur 'n party daarby kan word;

(h) die aangaan van ooreenkomste met enige ander persoon, insluitende die Staat, soos in artikel 14 beoog.

Combination of fire brigade services.

15. (1) Two or more local authorities may enter into a written agreement if they are convinced that it is expedient that their respective fire brigade services should be combined for the purposes referred to in section 6.

(2) The Executive Committee may, after consultation with the local authorities concerned, by notice in writing direct two or more local authorities to enter into an agreement as contemplated in subsection (1).

(3) An agreement contemplated in subsection (1) may, in so far as it may be necessary or expedient, provide *inter alia* for —

(a) the date on which it is to become operative and the period for which it is to remain in force;

(b) the exercise or performance, either jointly or by any of the parties to the agreement, of any power, function or duty in regard to any matter classed under this Ordinance among the powers, functions or duties of a fire brigade service, and the delegation by the parties of any or all such powers, functions or duties to one of them or to a joint committee established for the purpose by them;

(c) the management and control of any matter falling within the powers of a local authority in terms of this Ordinance or any other law;

(d) the financial contribution, material, land, buildings, or other property or equipment to be provided by each of the parties to the agreement;

(e) the apportionment among the parties to the agreement of the revenues and expenditure of the combined fire brigade service, or the establishment by such parties of a combined fire brigade service fund, the payment into that fund of all revenues, including the contributions by the parties to the agreement, and payments from the fund;

(f) the recommendation of regulations to be made by the parties to the agreement in regard to any matter falling within the powers of a local authority in terms of this Ordinance;

(g) the terms and conditions on, or circumstances in, which any of the parties to the agreement may withdraw therefrom, or another local authority may become a party thereto;

(h) the entering into agreements with any other person, including the State, as contemplated in section 14.

Vrywaring teen verlies of skade.

16. Behoudens die bepalings van artikel 7(2)(e), is 'n plaaslike bestuur, 'n brandweerdiens of 'n lid van 'n brandweerdiens nie aanspreeklik nie vir enige verlies of skade as gevolg van liggaamlike besering, lewensverlies of verlies van/of skade aan eiendom wat veroorsaak word deur of ontstaan uit of in verband met enige handeling wat verrig word in die uitoefening of verrigting van 'n bevoegdheid, werksaamheid of plig ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie verleen of opgelê indien die persoon wat bedoelde handeling verrig ten tyde van die verrigting van bedoelde handeling op redelike gronde glo dat die verrigting van bedoelde handeling in die omstandighede redelikerwys noodsaaklik of wenslik is vir die doeleindes in artikel 6(a) of (b) beoog.

Regulasies.

17. (1) Behoudens die bepalings van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) en die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), na gelang van die geval, met betrekking tot die maak, goedkeuring en afkondiging van regulasies vir plaaslike besture, kan regulasies wat nie met die bepalings van hierdie Ordonnansie onbestaanbaar is nie, deur, vir of ten opsigte van enige plaaslike bestuur met betrekking tot enige van die volgende aangeleenthede gemaak word:

(a) die organisasie van 'n brandweerdiens vir sodanige plaaslike bestuur;

(b) die voorkoming en blus van brande en die behoud van lewe of eiendom;

(c) veiligheidsmaatreëls by geboue om te verseker dat persone wat in die geval van 'n brand daarin vasgekeer word, kan ontsnap;

(d) die groei of ophoping op enige grond of perseel van bome, bosse, onkruid, gras of ander stof op 'n wyse wat moontlik die ontstaan of verspreiding van 'n brand kan bevorder;

(e) die verbranding van vuilgoed, bome, bosse, onkruid of gras, en die maak van vreugdevure;

(f) die voorkoming van die gevaarlike of moedswillige gebruik en die reëling en beheer van of die beperking en verbod op die vervaardiging, opberging, hantering of vervoer van petroleum of enige ander ontvlambare of brandbare stof, materiaal, bestanddeel of gas; en

(g) enige ander aangeleentheid wat ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie voorgeskryf kan of moet word of wat nodig of wenslik geag word om die doelstellings van hierdie Ordonnansie te bereik en die algemeenheid van hierdie paragraaf word nie beperk deur aangeleenthede uitdruklik in hierdie subartikel genoem nie.

Indemnity against loss or damage.

16. Subject to the provisions of section 7(2)(e), a local authority, a fire brigade service or a member of a fire brigade service shall not be liable for any loss or damage as a result of bodily injury, loss of life or loss of or damage to property which is caused by or arises out of or in connection with any act performed in the exercise or performance of a power, function or duty conferred or imposed in terms of the provisions of this Ordinance, if the person performing the said act believes on reasonable grounds at the time of the performance of the said act that the performance of the said act is under the circumstances reasonably necessary or expedient for the purposes contemplated in section 6(a) or (b).

Regulations.

17. (1) Subject to the provisions of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) and the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), as the case may be, in regard to the making, approval and promulgation of regulations for local authorities, regulations not inconsistent with the provisions of this Ordinance may be made by, for or in respect of any local authority in regard to any of the following matters:

(a) the organisation of a fire brigade service for such local authority;

(b) preventing and extinguishing fires, and the preservation of life or property;

(c) safety measures in buildings to ensure that persons trapped there in case of fire may be able to escape;

(d) the growth or accumulation on any land or premises of trees, bushes, weeds, grass or other matter in such manner as is likely to promote the kindling or spread of fire;

(e) the burning of rubbish, trees, bushes, weeds or grass, and the making of bonfires;

(f) the prevention of the dangerous or mischievous use, and the regulation, control, restriction or prohibition of the manufacture, storage, handling or conveyance of petroleum or any other inflammable or combustible matter, material, substance or gas; and

(g) any other matter which, in terms of the provisions of this Ordinance, may or is required to be prescribed or is considered necessary or expedient to achieve the purposes of this Ordinance, and the generality of this paragraph shall not be limited by matters expressly referred to in this subsection.

**No. 10 van 1978** ORDONNANSIE OP BRANDWEERDIENSTE, 1978

(2) Regulasies ingevolge subartikel (1) kan strawwe bepaal vir 'n oortreding daarvan, maar geen straf mag 'n boete van vyfhonderd rand of, by wanbetaling, gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, oorskry nie.

Herroeping van wette.

18. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3) word die wette genoem in die Bylae hierby herroep in die mate uiteengesit in die derde kolom daarvan.

(2) Enige brandweerdiens deur 'n plaaslike bestuur voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie ingestel ingevolge 'n wetsbepaling wat by subartikel (1) herroep is, word geag ingestel te wees ingevolge artikel 2(1) van hierdie Ordonnansie.

(3) Enige regulasie deur, vir of ten opsigte van 'n plaaslike bestuur gemaak ingevolge 'n wetsbepaling wat by subartikel (1) herroep is, word geag, in die mate dat dit bestaanbaar is met die bepalings van hierdie Ordonnansie, ingevolge artikel 17 gemaak te wees.

Kort titel.

19. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Brandweerdienste, 1978.

**Bylae**

WETTE HERROEP

| Nommer en jaar van Wet | Kort titel | In hoeverre herroep |
|---|---|---|
| Ordonnansie 13 van 1963 | Munisipale Ordonnansie 1963 | Artikels 227 en 242(18) |
| Ordonnansie 14 van 1963 | Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 | Artikel 13(1)(i) |
| Ordonnansie 19 van 1970 | Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 | Artikel 40(11) |

(2) Regulations in terms of subsection (1) may provide penalties for a contravention thereof, but no such penalty shall exceed a fine of five hundred rand or, in default of payment, imprisonment for a period of six months, or both such fine and such imprisonment.

Repeal of laws.

18. (1) Subject to the provisions of subsections (2) and (3), the laws fererred to in the Schedule are hereby repealed to the extent set out in the third column thereof.

(2) Any fire brigade service established by a local authority before the date of commencement of this Ordinance in terms of a provision of law repealed by subsection (1), shall be deemed to have been established in terms of section 2(1) of this Ordinance.

(3) Any regulation made by, for or in respect of a local authority under a provision of law repealed by subsection (1) shall, to the extent that it is consistent with the provisions of this Ordinance, be deemed to have been made in terms of section 17.

Short title.

19. This Ordinance shall be called the Fire Brigade Services Ordinance, 1978.

**Schedule**

LAWS REPEALED

| Number and Year of Law | Short title | Extent to which repealed |
|---|---|---|
| Ordinance 13 of 1963 | Municipal Ordinance, 1963 | Sections 227 and 242(18) |
| Ordinance 14 of 1963 | Village Management Boards Ordinance, 1963 | Section 13(1)(i) |
| Ordinance 19 of 1970 | Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 | Section 40(11) |